

23 Julie

Hosea 10
(Teks: 10: 11)

Ware godsdiens is harde werk

Hosea spreek die hart van Israel se godsdiens aan. Dorsvloerwerk is maklike werk. Geen juk hoef gedra te word as 'n dier dors nie. In vergelyking met ploeg- en egtyd was dit 'n weelderige tyd. Bowendien kan 'n dier wat dors al etende vanaf die dorsvloer werk.

Israel se lewe onder Jerobeam 2 was 'n weeldetyd. Die mense het goed gelewe en ryk geword. Geen gevare van vyande het gedreig nie. Hulle hoef niemand in die oë te kyk vir 'n stukkie brood nie. En dit het deurgewerk na hulle godsdiens toe. Hulle het die maklike werk vir God getrou gedoen. Hulle het altare gebou en geoffer vir die Here. Die swaar werk, om hulle te bekeer tot God, daarvoor het hulle nie kans gesien nie.

In watter mate het ons reeds verval in 'n weeldegodsdiens wat gerig is op selfbevrediging? 'n Godsdiens gerig op genieting eerder as op diens? Dis makliker om twee keer 'n Sondag kerk toe te gaan as om twee keer op een dag die minste te wees teenoor 'n medemens.

Dis makliker om 'n godsdiens te bedryf waaruit ek selfbevrediging en emosionele bevrediging put as 'n godsdiens van volle oorgawe aan die Here. Dis mos makliker om iets wat jy het vir die Here te gee as jouself.

Christus het sy juk van sy geboorte af gedra en aan die kruis het Hy baie hard gewerk om jou en my te bevry van so 'n selfgerigte godsdiens. Hy het vir ons 'n nuwe land geploeg en aan ons nuwe harte en 'n nuwe gees gegee. Op hierdie braakland kan alles wat ons plant weelderig groei. Maar dit vra harde werk.

Sing Psalm 19:7 Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Mooirivier)